

**Leef uit God se genade!**

**D**it moet vir Isak 'n verskriklike skok gewees het toe hy besef het dat hy Jakob geseën het. Hy is nie net deur Jakob bedrieg nie, maar sy eie menslike natuur het hom in die steek gelaat – hy kon nie sien nie! Die ergste was seker dat hy moes worstel met die wete dat hy uitgevang is. Al sy planne het aan die lig gekom. Isak het teen die wil van die Here ingegaan. Hy moes geweet het dat die Here nie sou toelaat dat die oudste oor die jongste heers nie. Jakob wou so graag sy oudste seun, wat hy liefgehad het, bevoordeel. Hy het teen God gestry en verloor!

Isak kon natuurlik die stryd voortsit, die seën oor Jakob herroep en vir Esau in Jakob se plek seën. In plaas daarvan besef Isak in die geloof dat die Here in sy uitverkiesing met Jakob die pad loop. Hy besef dus dat Jakob die seën moet dra en volg nou gelowig op God se pad. Om die rede sê Isak vir Esau die volgende oor Jakob (vs 33): “Ek het hóm geseën, en hy sal geseën bly.”

Wat van Esau? Ook hy kry die geleentheid om God se planne gelowig en gewillig te aanvaar soos sy vader Isak, maar hy wil nie. Hy bal die vuis na die hemel sonder om verlossing by die Here te soek en sonder om gelowig te berus in God se besluit.

So roep die Here mense om hulle wil te buig in ooreenstemming met sy wil. Al vra dit dat ons dikwels die minste moet wees, dat ons onself moet kruisig, moet ons steeds God se wil volg. Dit is wat uitverkorenes soos Isak doen. Hulle leef uit God se uitverkiesende genade!

*Sing: Psalm 135:2, 8 (2001-omdigting)*

*Ds. T.J. Potgieter (Bloemfontein-Noord)*